ABRAHAM (GEN 12-18).

Abraham

A. Die twee beloftes: nageslag en land (Gen 12:1-9).

"Trek ver weg uit jou land
en weg van jou familieverband.
Ek sal jou 'n groot nasie maak
en jy sal van groot betekenis raak.

Jou nageslag sal die land erf
waarna jy en Sarai sal swerf."
Abraham bou uit klip 'n altaar
om God te wys hy is dankbaar.

B. Twyfel en geloof by Abram (Gen 12:10-14:24)

Abram sê Sara is sy suster.
Waar is die groot geloof van gister?
Maar God het Farao met plae getref
en hom die waarheid laat besef.

Die veewagters het begin twis,
Abram het by Lot se besluit berus:
Lot vat die waterryke Jordaanstreek
al lyk Abram se deel maar bleek.

C. Die bevestiging van God se belofte (Gen 15:1-18)

Abram besluit om maar self te begin
en Ismael word gebore uit sy slavin.
God beveel 'n teken om op te steun:
Ek bevestig die verbond – besny elke seun!

Op hoë ouderdom van nege en negentig,
het Sara oor 'n moontlike geboorte gelag.
Maar 'n jaar later is Isak gebore
en die verbond was nie verlore!

D. Sodom en Gomorra (Gen 18:16-19:38)

Al was die regverdiges net tien,
sou God van sy plan afsien.
Maar in Sodom en Gomorra te vind
was regverdig – net Lot en sy twee kind.

Lot het gevlug in die oggend uur,
die stede verwoes met swaelvuur.
Lot se vrou het na agter gestaar,
sy is vandag nog 'n soutpilaar.

C. Die vervulling van God se belofte (Gen 20:1-21:34)
Abraham sê weer sy vrou is sy suster.
Alweer is die groot geloof ligter.
Maar God verskyn aan Abimelek in ‘n droom
en hy gee sy vrou sonder om te skroom.

God het Hom aan sy belofte verbind:
Isak is gebore – Abraham se eerste kind!
Ismael is na die woestyn gestuur,
maar God het gehelp dat hul dit verduur.

B. Geloof sonder twyfel by Abraham (Gen 22:1-24)
God beveel: “Gaan offer jou enigste seun.”
Op groot geloof moes Abraham toe steun.
“Pa, die lam wat ons moet slag kan ek nie sien?”
“My seun, God sal sy eie offerlam voorsien…”

Abraham vat die mes om sy seun te slag…
“Abraham! Nou weet ek dat jy my dien. Wag!”
Agter hom was ‘n ram om te brand
En God beloof so baie kinders soos die sand.

A. Die twee beloftes: ‘n stukkie land en tekens van ‘n groot nageslag (Gen 23:1-25:18)
Op honderd sewe en twintig jaar het Sara gesterf.
En Abraham koop ‘n graf as eerste erf.
‘n Slaaf gaan soek vir Isak ‘n vrou –
Rebekka, stem toe in om met hom te trou.

Aan die einde van sy lewe dink hy terug.
Hy het ‘n vol geloofslewe agter die rug.
Hulle begrawe hom ook in Makpela grot
met die wete – beloftes word gehou deur God!